**28 Maart**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 29:1-29**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 29:24**

## Die verbond het ook ’n tweede kant

In hierdie Skrifgedeelte bevestig die Here (opnuut) sy verbond met hulle wat gereed was om in die land Kanaän in te trek. Sy verbond bevestig sy genade wat op ’n wonderbaarlike wyse in hulle lewe sigbaar geword het tot hier op die drumpel van Kanaän. Sy verbond is duidelik ’n ewige verbond en daarom gaan dit nie net oor sy genade van gister nie, maar ook sy genadeverbintenis in die toekoms. Hy bevestig sy nabyheid ook vir môre en oormôre.

God se verbond is ook omvattend en sluit almal in: leiers en volgelinge, vrouens en kinders, vrymanne en slawe en selfs die vreemdelinge (bekeerlinge uit ander volke), asook diegene wat nog in die toekoms deel sal word van die verbond.

Maar, God se verbond het twee kante. God word nie net geken in sy barmhartigheid (genade) nie. Hy maak Homself ook te midde van hierdie wêreld bekend in sy toorn en oordeel oor die sonde – ook die sonde en ongehoorsaamheid van sy eie volk. Hierdie Skrifgedeelte gee ’n baie duidelike waarskuwing wat, by die herbevestiging van God se genadeteenwoordigheid in sy volk se lewe, duidelik gehoor en verstaan moet word. Nie net die boodskap van God se genade nie, maar ook die boodskap van sy toorn en oordeel moet die hele wêreld bereik. En dit het ook inderdaad, in die geskiedenis van die ballingskap van God se eie volk, deur die wêreld weerklink.

Die God van die verbond is baie ernstig oor die sonde. Die kruis van Golgota spreek wel van God se genade aan sondaarmense, maar maak ook duidelik dat God die sonde nie kan verduur nie en daarom die sondestraf. God se Woord verkondig nie ’n goedkoop genade of ’n “liewe Jesus”-teologie nie. Dit is ’n verbondsteologie wat nie net die een kant van die verbond (genade) sigbaar maak nie, maar ook die oordeelskant duidelik in die wêreld beklemtoon.

*Sing: Psalm 38:1, 17 (1936)*

*Ds. IW Ferreira (Rietvallei)*